

18 Maart

2 Korintiërs 3:5-18

Wie wil kruip as hy kan vlieg?

Ja, wie wil kruip as hy gemaak is om te vlieg? Wie wil in die bediening van die letter vasval as die bediening van die Gees wink?

Blykbaar meer mense as wat ons dink. Daar is baie mense vir wie die diens aan die Here, die erediens, 'n dodelike sleur geword het. Die "heerlikheid" waarvan 2 Kor. 3:8 praat, beleef hulle glad nie. Hulle dink: geloof is nie bedoel om opwindend te wees nie. Ons moet maar net ons plig doen. Dit is nie die ware godsdiens nie, maar 'n namaaksel. Onthou, God roep jou nie om Hom te respekteer nie, Hy roep jou om Hom te bemin!

Daar is nog ander namaaksels. Die namaaksel van hebsug. Mense aanbid Jesus net vir dit wat hulle by Hom kan kry. Dan is daar die namaaksel van oordrewe emosie. Mense beleef die Here net op 'n emosionele manier sonder dat hulle lewe van Maandag tot Maandag verander.

Hoe beleef mens dan wel die oorfloediger bedeling - iets wat vir elke gelowige bedoel is? Deur in gemeenskap met God te bly lewe. Ons is meer bevoorreg as Moses. Hy het God ontmoet en moes elke keer weer afskeid neem. Jesus het aan ons belowe: "Ek is met julle, al die dae". Ons het die voorreg om aanhoudend in sy heerlikheid te bly en daarom al hoe helderder lig uit te straal. Aan alle kruipers: Daar wag 'n opwindende lewe saam met Jesus, ook vir jou.

Sing: Psalm 18:12

Ds. D. van't Zand (Pietermaritzburg)